basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRFA.3**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**NOVEMBER 2021**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

# OGGENDSESSIE

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer die skryfstukke korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Ek het iemand gehelp **[50]**

1.2 Dit laat my lag **[50]**

1.3 Kry mense te maklik rybewyse? **[50]**

1.4 Matriek is nie maklik nie **[50]**

1.5 Ek is uniek **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[Bron:clipartlook] **[50]**

1.6.2



[Bron: africa-animals.com] **[50]**

1.6.3



[Bron: Google Images] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Jy het gehoor jou maat wil 'n neusring insit.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan jou maat waarin jy jou opinie oor neusringe gee. **[30]**

2.2 **CV EN DEKBRIEF**

Meneer Johnson, bestuurder van die Klawer Winkelsentrum, is op soek na jongmense om gedurende die vakansie kinders by die winkelsentrum op te pas terwyl die ouers inkopies doen.

Jou naam is Nomsa Baatjes. Jy het klaar die aansoekvorm vir die werk voltooi. Gebruik nou jou CV hieronder en skryf SLEGS die DEKBRIEF aan meneer Johnson.

| | |
|---|---|
| Van: | Baatjes |
| Volle name: | Nomsa |
| Geboortedatum: | 12 April 1999 |
| Identiteitsnommer: | 9904120050085 |
| Adres: | Hoofstraat 29, KOPPIES, 9540 |
| Kontaknommer: | 072 987 6543 |
| Hoogste graad geslaag: | Graad 11 |
| Ervaring: | Kelnerin by Spur |
| | Toesig gehou oor kinders by McDonald's |
| Belangstellings: | Lees, netbal en stap |
| Tale (wat jy kan praat): | Afrikaans en Engels |

**[30]**

2.3 **TYDSKRIFARTIKEL**

Skole is deesdae baie in die nuus oor boeliegedrag. Kinders word fisies, emosioneel en op sosiale media geboelie.

Skryf 'n TYDSKRIFARTIKEL oor boelies in skole. **[30]**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

Jy was deel van 'n studiegroep wat saam vir hierdie eksamen studeer het. Toe julle vir die laaste keer saam studeer het, het jy 'n informele toespraak gelewer waarin jy die groep bedank en vir die eksamen gemotiveer het.

Skryf die INFORMELE TOESPRAAK neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **STROOIBILJET**

Jy het begin om motors te was om geld te verdien. Jy wil 'n strooibiljet opstel om jou karwasdiens te adverteer.

Stel die STROOIBILJET op. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy en jou ouers het 'n argument gehad en praat glad nie met mekaar nie. Jy voel jy was verkeerd en jy moet gaan vrede maak.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die dag vóórdat jy vrede gaan maak het
- Die dag nádat julle vrede gemaak het **[20]**

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

Jou oupa moet jou by die eksamenlokaal kom haal. Gee vir hom aanwysings hoe om van jou huis af tot by die eksamenlokaal te kom.

Skryf die RIGTINGAANWYSINGS puntsgewys en onder mekaar neer. Gebruik straatname, bakens, ens. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou